

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
 Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
 en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
 om ander hoër as myself te ag,
 ja, om lief te hê – ander bo myself –
 en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
 Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
 Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 leer my om ook soos U te kan vergeef.
 Maak my bereid om aan myself te sterf,
 dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Kruis woorde 5: Dit is volbring

Skriflesing: Johannes 19:28-30

“Life calls, not for perfection, but for completeness.”
 — Carl Jung

Broodjies vir die pad

“Our culture has filled our heads but emptied our hearts,
 stuffed our wallets but starved our wonder. It has fed our
 thirst for facts but not for meaning or mystery. It produces
 “nice” people, not heroes.”
 — Peter Kreeft, Jesus-Shock

“Our failure to hear His voice when we want to is due to the
 fact that we do not in general want to hear it, that we want
 it only when we think we need it.”
 — Dallas Willard, Hearing God: Developing a Conversational
 Relationship with God

Toe jy nog in 'n begraafplaas kon rond dwaal

Wilhelm Jordaan

Toe dit nog veilig was om jou geliefdes se grafte in
 begraafplase te besoek, het ek gereeld daar rondgedwaal en
 grafstene, die name van gestorwenes en veral die bewoordinge
 bekyk – wisselend tussen aangrypende smart en soms so snaaks
 dat jy net daar begin giggel het. Uiteraard saggies. Uit eerbied
 vir die dooies én ander besoekers.

Ek herinner my die droewigheid van 'n grafsteen vir 'n jong
 kind wat klaarblyklik lief vir rugby was. Op sy graf was 'n
 rugbybal van graniet, gemonteer in 'n mik-na-die-pale-posisie.
 Ek was aangedaan, maar had terselfdertyd dié verspote indruk:
 “He passed away.”

Wat my steeds bybly, is grafstene waarop net 'n naam met
 'n datum daarby is – hoe lank of hoe kort mense geleef het.
 Soos 1943-1963.

Vir myself, eendag, begeer ek niks meer as dit nie. Want dié
 datums is 'n betekenisvolle merker in die groot gang van die tyd
 – vanaf die datumlose oerbegin tot die datumlose wie weet
 wanneer. En tussenin lê, beskut, jóú asemtoggie; jou klein
 termyn, jou leefbeurt.

Dit onthuts my steeds as mense jonk sterf. Die natuurlike
 lewensritme is tog dat ouer mense voor jonger mense doodgaan.
 Die sanger Neil Diamond betreur dié omkering van die
 natuurlike orde in sy somber lied “Done Too Soon”, waarin hy
 sing van mense wat te kort geleef het.

Hy noem-sing 'n lang naamlys: “Jesus Christ, Fanny Brice /
 Wolfie Mozart and Humphrey Bogart . . . Ho Chi Minh, Gunga
 Din” en so voort tot by die komediant Buster Keaton. En sluit
 af: “And each one there / Has one thing shared / They have
 sweated beneath the same sun / Looked up in wonder at the
 same moon / And wept when it was all done / For . . . bein’
 done too soon / For bein’ done too soon / For bein’ done.”

Te gou verby. Skaars geleef. So baie wat hy of sy nog kon
 gee, doen en beteken. Dis die soort dinge wat mense dan sê.
 Daarvoor moet 'n mens begrip hê – ook vir die oënskynlik
 vreemde maniere waarop herinneringe aan 'n geliefde in stand
 gehou word. Soos John Irving dit beskryf in sy roman Last
 Night in Twisted River:

Die skrywer Danny Angel se jong seun, Joe, sterf in 'n
 ongeluk. Hy bewaar al Joe se klere. Ook sy skoene, waarvan
 Joe die veters altyd dubbel geknoop en net so gelos het wanneer
 hy dit saans uitskop. Danny het altyd Joe se skoene opgetel en
 die veters vir hom losgemaak.

Nog lank ná sy seun se dood gaan Danny na die skoenkas en
 knoop die veters los en weer vas – om daarmee lewenslank die
 verlies van sy seun te beleef en steeds deur die veters aan hom
 gebind te bly.

Wat dit sê, is dat smart 'n unieke kragveld is waarbinne die
 mens wat rou op eie manier vertoef en dat verlange na die
 geliefde keer op keer, en ná baie jare, sal terugkeer – soms in 'n
 be-rekende herinnering en soms pynlik onverwags. Selfs nog
 meer as dit “done too soon” was.

*Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die
 Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/toe-jy-nog-in-n-begraafplaas-kon-rond-dwaal-20190327>

“Write it on your heart
that every day is the best day in the year.
He is rich who owns the day, and no one owns the day
who allows it to be invaded with fret and anxiety.

Finish every day and be done with it.
You have done what you could.
Some blunders and absurdities, no doubt crept in.
Forget them as soon as you can, tomorrow is a new day;
begin it well and serenely, with too high a spirit
to be cumbered with your old nonsense.

This new day is too dear,
with its hopes and invitations,
to waste a moment on the yesterdays.”
— Ralph Waldo Emerson, *Collected Poems and Translations*

“The idea of having faith in Jesus has come to be totally
isolated from being his apprentice and learning how to do
what he said.”
— Dallas Willard, *The Divine Conspiracy: Rediscovering Our
Hidden Life in God*

“Christianity sees in the picture of Jesus as the Christ a
human life in which all forms of anxiety are present but in
which all forms of despair are absent.”
— Paul Tillich, *Systematic Theology, Vol 1*

“... What about the main thing in life, all its riddles? If you
want, I'll spell it out for you right now. Do not pursue what is
illusionary -property and position: all that is gained at the
expense of your nerves decade after decade, and is
confiscated in one fell night. Live with a steady superiority
over life -don't be afraid of misfortune, and do not yearn for
happiness; it is, after all, all the same: the bitter doesn't last
forever, and the sweet never fills the cup to overflowing. It is
enough if you don't freeze in the cold and if thirst and
hunger don't claw at your insides. If your back isn't broken, if
your feet can walk, if both arms can bend, if both eyes can
see, if both ears hear, then whom should you envy? And
why? Our envy of others devours us most of all. Rub your
eyes and purify your heart -and prize above all else in the
world those who love you and who wish you well. Do not
hurt them or scold them, and never part from any of them in
anger; after all, you simply do not know: it may be your last
act before your arrest, and that will be how you are
imprinted on their memory.”

— Aleksandr Solzhenitsyn, *The Gulag Archipelago 1918–
1956*

“If you are a gifted person, it doesn't mean that you gained
something. It means you have something to give back.”
— Carl Jung

Brood vir die pad

Wrok en verwyt teenoor ander kan ons psige
vergiftig

RRV

“Resentment is like drinking poison and wait-ing for the other
person to die.” Dié aan-haling, wat aan Augustinus toegeskryf
word, verwoord iets van hoe gevoelens van wrok en verwyt ons
lewens negatief kan stem.

Dit is sekerlik nodig vir ons om woede te hê oor wanneer
ons onmenslik of onregverdig behandel word. En ons moet veg
vir die erkenning van ons gelykheid en menswaardigheid.
Daarmee saam moet ons egter deeglik daarvan bewus wees hoe
bitterheid en verwyt teenoor ander ons psige en menslikheid
stelselmatig kan vergiftig.

In die bekende gelykenis van die verlore seun (Lukas 15:11-
32) lees ons hoe die oudste broer sy vader verwyt omdat hy die
jongste broer, wat sy erfposisie verkansel het, so hartlik en
feestelik met sy terugkeer verwelkom.

En in 'n mate is sy renons in sy pa se omarming van sy
jonger broer eties regverdigbaar. Die oudste broer het skynbaar
selfs die Bybel aan sy kant. Lees ons dan nie in Deuteronomium
21:18-21 dat 'n opstandige en ongehoorsame seun deur die
mans van die stad met klippe doodgegooi moet word nie?

Maar die vader in die gelykenis dink anders. Soos wat die
Kroatische teoloog Miroslav Volf in sy boek *Exclusion and
Embrace* opmerk: Die oudste broer gebruik morele kategorieë
wanneer hy oor sy broer dink (“ . . . hierdie seun van Pa, wat Pa
se goed met prostitute deurgebring het . . .”), terwyl die vader
verhoudingskategorieë gebruik (“Hierdie seun van my was
dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom
teruggekry”).

In Volf se woorde: “The father’s most basic commitment is
not to rules and given identities but to his sons whose lives are
too complex to be regu-lated by fixed rules and whose identities
are too dynamic to be defined once and for all.”

Die oudste broer verwyt egter sy vader vir sy gasvrye
buigsamheid. Hy is bitter oor die wydheid van die vader se
genade, oor die onvoorwaardelike aard van sy vergifnis. Die
oudste broer word sodoende 'n prototipe vir die kere wanneer
ons eerder wil reg wees as om lief te hê.

Die meeste van ons is maar alte goed bewus daarvan dat dit
nie maklik is nie om te beweeg van wrok na omarming, van
bitterheid na vreugde, van verwyt na vergifnis.

Maar in ons weerstand teen hierdie moeiliker weg is dit dalk
goed om die woorde van een van die karakters in M.L. Stedman
se roman *The Light Between the Oceans* te onthou: “You only
have to forgive once. To resent, you have to do it all day, every
day.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/wrok-en-verwyt-teenoor-ander-kan-ons-psige-vergiftig-20190329>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*